Ken die alfabet*

Siyavula Uploaders

This work is produced by OpenStax-CNX and licensed under the
Creative Commons Attribution License 3.0†

1 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

2 Graad 4

3 DORP TOE

4 Module 22

5 KEN DIE ALFABET

ALFABETIESE VOLGORDE

In module 21 lees ons dat Mamma 'n inkopielys by haar het. Sy het 'n paar items op haar lysie neergeskryf en merk dit af soos sy dit in die trollie pak. Om die name makliker op die lys te kan lees, sal dit help as die lys in alfabetiese volgorde geskryf is.

ONS IS DIE LETTERS VAN DIE ALFABET
BEGIN BY A EN EINDIG BY Z
26 VAN ONS IN 'N RY
ELK HET SY VASTE PLEK GEKRY

Figure 1

Skryf die alfabet neer.
.....
.....
.....

*Version 1.1: Jun 28, 2009 9:55 am -0500
†http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

.....
.....
.....

ONTHOU : As twee woorde met dieselfde letter begin, kyk jy na die tweede letter, byvoorbeeld **beet** word voor **botter** geplaas, want die letter **e** is voor die letter **o** in die alfabet.

5.1 Aktiwiteit 1

5.2 Om woorde alfabeties te rangskik [LU 5.2.2]

Skryf nou Mamma se inkopielys vir haar in alfabetiese volgorde neer.

Inkopielys	Alfabetiese volgorde
pap	
kaas	
eiers	
melk	
botter	
meel	
koffie	
rys	
boontjies	
suiker	

Table 1

6 Assessering

7 LEERUITKOMS 5: DINK EN REDENEER

Die leerder is in staat om taal vir dink en redeneer te gebruik en inligting vir leer te verkry, verwerk en gebruik.

7.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:
5.2 taal gebruik om te dink:

- rangskik dinge volgens bepaalde kriteria (soos van die oudste tot die nuutste).

7.2 Memorandum

Aktiwiteit 1

- boontjies
- botter
- eiers

- kaas
- koffie
- meel
- melk
- pap
- rys
- suiker